ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

Maandelikse gemeentebrief
Augustus 2017

EIKNAD of as u wil TOORG GNIREDRAAW

Sommige mense krap nou kop en ander sien dadelik dat die letters in die woorde in die omgekeerde volgorde is.

Die doel van my skrywe is om my waardering uit te spreek vir wat elkeen van u vir ons gemeente doen en beteken.

Ons ouers het ons van kleins af “asseblief” en “dankie” geleer maar ek moes in ’n kursus leer hoe om dit reg te gebruik:

’n Algemene dankie is altyd van pas (maar nie “dankie vir alles nie”) en daarna volg ’n motivering van waarvoor ons werklik waardering het. Ek moet egter in gebreke bly om alles te lys. Tydens ons 2016 dankie-sê-funksie het ons ongeveer 90 liefdesdienste genoem. Agterna het ons nog 27 bygevoeg waaraan die meeste van ons oorspronklik nie eers gedink het nie. Met die vaste wete dat ek iets of iemand sou uitlaat, betree ek dus nie dié mynveld nie maar beweeg na die derde belangrike opmerking.

Wat elkeen doen, verg in die eerste plek aanvaarding van en liefde vir jouself, vir jou naaste – want ons dien mos veral noodlydendes – vir die gemeente van God en vir ons Skepper en Maker. Is ons insette gering of enorm? Ek weet nie en ek dink ook nie dit is ter sprake nie. Die arm weduwee is vir my die volmaakte voorbeeld met haar muntstukkie. Elke bydrae wat iemand in die vorm van ’n persoonlike inset maak, maak ons gemeente ryk, is waardevol en skep die warmte wat eie is aan die gemeenskap van die heiliges waarvan ons almal deel is.

So, wat dit ook al van u verg in die vorm van energie, wilskrag, kreatiwiteit, motivering, pligsbesef, naastediens, liefde, persoonlike tyd, vrygewigheid, spanwerk, “commitment” – en ek vermoed my lys sal lank kan aanhou – dit is wat u bydra om ons masjinerie seepglad te laat loop.

Daarvoor kan ek net sê… B A I E D A N K I E!

Jammer dat ek u nie by name kan bedank nie, maar ek weet dat baie van ons se regterhand en linkerhand onkundig van mekaar wil bly.

Laastens bevestig en verseker ek u dat u insette primêr daartoe bydra:

- om die gemeente se boeke te laat klop
- dat mense (vreemdes) warmte ervaar
- dat gemeenskappe ons empatie met hulle omstandighede ervaar
- dat besoekers graag by ons gemeente inskakel
- dat gemeentelede vir mekaar omgee
- dat pyn draagliker word
- dat hulp en raad spontaan en anoniem gegee word

dat harte oopmaak.

Weer eens is my woorde te min om u te bedank vir wat u werklik in deernis aan ander en vir God doen. Is “dankie” alleen genoeg? Ek glo so, want ek weet ons leef die grootste gebod hiermee uit en ons doen dit vir die geringstes omdat ons ’n behoefte het om te dien. Al kan ons nie altyd so goed of soveel doen as wat ons sou wou nie, doen ons dit wat ons doen met oorgawe en dankbaarheid vir al die genade wat ons so onverdiend ontvang.

Weet dat wat u doen, ten seerste waardeer word en u bydrae, hoe klein ook al, besonder waardevol is.

Groete

Gideon Visagie
Voorsitter: Kerkraad